*Scholtz, J 1982: Vrede van Vereeniging. Pretoria: HAUM.*

Die TV-Drama is in 1981 gebeeldsaai en het wye reaksie ontlok. Jan Scholtz het inderdaad daarin geslaag om 'n traumatiese greep uit die Afrikaner se verlede aangrypend uit te beeld. Afgesien van die historiese waarde van die drama het Scholtz hier 'n keerpunt in die Afrikaner se Geskiedenis gerekonstrueer wat ook vir vandag 'n besonder aktualiteit het. Om spesifiek te wees: Het die

radikale standpunt oor Afrikanernasionalisme in 1902 'n parallel in die ver-regse reaksie oor 'n nuwe grondwet? Scholtz vra die vraag: "Het die Afrikaners hulle voortbestaan te danke aan diegene wat uit die staanspoor by Vereeniging wou oorgee?" Lê die Afrikaner se toekoms vandag in "buigsame" of "standvastige" nasionalisme is die vraag wat die leser voortdurend moet vra. Scholtz het hier 'n fundamentele problematiek in die bestaan van volke oopgevlek — wat is fundamenteel vir voortbestaan? Op aangrypende wyse word die teenpole gestel en herleef 1902 voor ons geestesoog. Wie is reg — is almal reg of niemand? Scholtz stel die alternatiewe, kap die eksemplare met emosie uit, maar los die finale oordeel in die hande van die leser.

Hierdie is 'n drama wat elke geskiedenisleerling moet lees en elke Geskiedenisonderwyser nie mag ignoreer as sy vak lewend moet bly en iets vir vandag moet sê.

*M H Trümpelmann*